# OLD MUTUAL SUPERFUND

## NUUSBRIEF VIR LEDE

DESEMBER 2023

## VOORWOORD DEUR DIE HOOFBEAMPTE

Beste Lid

Niemand hoef daaraan herinner te word dat Suid-Afrikaners tans moeilike ekonomiese omstandighede moet trotseer nie. As jy voel dat jy breekpunt bereik het, is jy nie alleen nie. Al lê moeilike tye moontlik vir ons voor, wil ek jou daaraan herinner dat jy belangrike vordering gemaak het om 'n finansieel gemaklike aftrede te verseker, bloot deur deel te wees van Old Mutual SuperFund. Ons taak, en die visie van die SuperFund-trusteeraad, is om jou te help om jou aftreespaargeld te laat groei en om die beste keuses te maak op jou reis na aftrede.

Die groot besprekingspunt in die aftreebedryf bly steeds die Nasionale Tesourie se voorgestelde Tweepot-aftreestelsel. Die voorgestelde implementeringsdatum van die nuwe stelsel is 1 September 2024, en SuperFund sal voortgaan om jou op hoogte te hou van presies hoe dit werk in die aanloop daartoe én daarna. Onthou, hierdie goedbedoelde stelsel, wat slegs van toepassing sal wees op aftreespaarbydraes vanaf die effektiewe datum, sal lede aanmoedig om hul aftreespaargeld tot met aftrede te bewaar en terselfdertyd toegang bied tot een derde van hul aftreespaargeld per belastingjaar. Ons moedig lede aan om dit te beskou as 'n tipe "noodfonds" wat jou in staat sal stel om onverwagte uitgawes te finansier, en nie 'n fonds wat jy om enige ander rede moet laat uitbetaal nie. Ons wens is dat jy, sover moontlik, 'n finansiële buffer vir jou aftrede opbou, sodat jy gemaklik en met waardigheid en onafhanklikheid in jou latere jare kan leef.



SuperFund is daartoe verbind om lede die beste moontlike ervaring te bied. Daarom is digitale transformasie 'n topprioriteit in ons strategie wat op ons lede gefokus is. Het jy geweet jy kan op 'n veilige manier 24/7 op hoogte bly van jou aftreespaargeld se waarde en onder meer jou voordeelstaat deur middel van Old Mutual Secure Services en WhatsApp? Dit beteken dat jy nie meer hoef te wag vir hulp om toegang te kry tot die inligting wat jy benodig nie. Vir gedetailleerde stappe oor hoe om vir Secure Services te registreer en om toegang tot SuperFund via WhatsApp te kry, raadpleeg asseblief die gids wat as 'n skakel in hierdie nuusbrief verskyn.

Op hierdie noot is dit noodsaaklik om seker te maak dat jou besonderhede by die fonds altyd op datum is, sodat jy belangrike inligting oor jou aftreespaargeld kan ontvang en toegang tot ons digitale platforms kan kry. As jou besonderhede nie op datum is nie, kan jy hierdie belangrike inligting misloop. Neem asseblief 'n paar minute om jou kontakbesonderhede vir die fonds by te werk. Jy kan dit doen met behulp van jou werkgewer, via die My Old Mutual-toepassing, op Secure Services, of deur die SuperFund-kliëntediensspan te skakel by 0860 50 60 70.

**Lekker lees en bly veilig hierdie feestyd.**
Fiona Reynolds
Hoofbeampte: Old Mutual SuperFund

## ONS IS DIGITAAL! Gerief met die druk van 'n knoppie

**SuperFund bied 'n veilige en maklike selfdiensopsie op die Old Mutual-toepassing (beskikbaar op Android en iOS), Secure Services en WhatsApp.**

**Met die Old Mutual-toepassing kan jy:**
- Jou aftreespaargeld se waarde sien
- Na jou produkportefeulje kyk
- Jou Old Mutual Rewards-punte dophou en uitvind hoe jy dit kan verdien en spandeer
- Jou kontak- en persoonlike besonderhede bywerk
- Na enige relevante dokumente kyk

**Met Secure Services kan jy:**
- Jou aftreespaargeld se waarde sien
- Na jou produkportefeulje kyk
- Jou Old Mutual Rewards-punte dophou en uitvind hoe jy dit kan verdien en spandeer
- Jou kontak- en persoonlike besonderhede bywerk
- Jou begunstigde(s) se nominasievorm voltooi of bywerk
- Klik hier vir 'n gedetailleerde registrasiegids

**Met WhatsApp kan jy:**
- Jou aftreespaargeld se waarde nagaan
- Jou begunstigde(s) se nominasievorm aflaai
- Toegang tot jou aftree- en onttrekkingsgids kry
- Toegang tot opvoedkundige inhoud vir lede kry
- Om toegang tot SuperFund via WhatsApp te verkry, skandeer die QR-kode of stoor 0860 933 333 in jou kontaklys.
- WhatsApp "Hi" na SuperFund. Kies opsie 4 ("View employment retirement savings").

**Kyk uit vir 'n e-pos of SMS van ons. Ons sal jou versoek om op ons Secure Services-platform te registreer om te verseker dat jy veilige toegang tot jou portefeulje het.**

## RESULTATE VAN LIDOPNAME: ONS HET GEVRA, JY HET GEANTWOORD!

Dankie dat jy ons onlangse SuperFund-lidopname voltooi het!

Ons waardeer jou terugvoer en sal dit gebruik om ons dienste te verbeter en jou lidmaatskapervaring nog beter te maak.

Hier is 'n paar van die belangrikste insigte wat ons gekry het:



**60%** van die respondente het gesê hulle is **bewus van die Tweepotstelsel.**

**54%** van die respondente het gesê hulle sal slegs uit hul spaarkomponent onttrek **as die behoefte ontstaan.**

**Meer as 70%** van die respondente het gesê hulle verkies om gedetailleerde inligting oor die Tweepotstelsel van SuperFund **per e-pos te ontvang.**


## ONDERSKEI TUSSEN FEITE EN FIKSIE: ALGEMENE WANOPVATTINGS OOR DIE TWEEPOT-AFTREESTELSEL

| FIKSIE | VS. | FEIT |
|---|---|---|
| Ek sal moet kies om by die Tweepot-aftreestelsel aan te sluit. | 01 | Die skuif na die voorgestelde Tweepot-aftreestelsel sal outomaties vir alle aftreefondslede wees, dus hoef jy niks te doen nie. Voorsieningsfondslede wat op 1 Maart 2021 ouer as 55 was sal die enigste uitsondering wees – hulle sal die opsie hê om te kies. |
| My aftreespaargeld sal verdwyn wanneer die Tweepot-aftreestelsel inskop. | 02 | Jou bestaande aftreespaargeld sal ten volle beskerm word en as belegging in jou huidige aftreefondse behou word. Die Tweepot-aftreestelsel se reëls sal slegs van toepassing wees op jou TOEKOMSTIGE aftreebydraes vanaf die voorgestelde effektiewe datum van 1 September 2024. |
| Ek sal nie belasting betaal op onttrekkings van my spaarkomponent nie. | 03 | Enige onttrekkings uit jou spaarkomponent sal belas word teen jou normale marginale inkomstebelastingkoers. |

## HET JY JOU LIDVOORDEELSTAAT NAGEGAAN?

In Oktober 2023 het SuperFund 'n formele voordeelstaat aan lede uitgereik. Jou jaarlikse lidvoordeelstaat (LVS) dui aan hoe goed jy met jou aftreespaargeld vaar. In jou LVS sal jy SuperFund se "RGG (rooi, geel, groen)-kleurkodestatus" sien, wat jou sal help om uit te vind of jy op koers is vir die aftreelewenstyl wat jy eendag wil hê.

**Wat is my aftreestatus?**




**Dit is belangrik om jou staat elke jaar na te gaan om seker te maak dat jy op die regte pad is om jou aftreedoelwitte te bereik.**

Vir meer inligting en toegang tot jou LVS via WhatsApp of op Secure Services, kyk gerus na ons onlangse LVS-kommunikasie hier.

## WAAROM JY JOU BEGUNSTIGDE(S) SE NOMINASIEVORM MOET VOLTOOI OF BYWERK

Die SuperFund-trustees (beheerraad) word volgens wet verplig om te bepaal wie jou aftreespaargeld (bekend as die "sterftevoordeel") moet ontvang as jy, as lid van 'n aftreefonds, sou sterf voordat jy aftree-ouderdom bereik.

Jy kan hulle help om te verseker dat die regte mense finansieel ondersteun word deur jou nominasievorm hier of op Secure Services te voltooi. Sodra dit voltooi is, gee asseblief 'n afskrif aan jou familie en/of werkgewer vir veilige bewaring.

Gaan jou begunstigde(s) se nominasievorm gereeld na, veral ná enige lewensgebeure soos huwelike, egskeidings, aannemings, geboortes, ens. Klik hier om meer oor die doodseisproses uit te vind.

**Ons het gedurende 2023 48% meer doodseise verwerk en betaal as in 2022 en wil hierdie vlak van diens voortsit. Een van die belangrikste maniere waarop ons dit kan doen, is as jou begunstigde(s) se nominasievorm volledig en op datum is.**

## KWALIFISEER JY VIR 'N ONOPGEËISTE VOORDEEL?


'n Onopgeëiste voordeel is, ingevolge die Wet op Pensioenfondse, enige enkelbedrag of pensioenvoordeel wat vir 'n tydperk onopgeëis gebly het en 'n aftreefondslid (of sy/haar begunstigdes) toekom.

Vind uit of jy vir enige onopgeëiste voordele van Old Mutual kwalifiseer deur op hierdie skakel te klik.

Kies dan CHECK NOW →


Voeg jou basiese persoonlike besonderhede in en klik op "check".

Of skakel 0860 455 455 of 0860 33 77 77.



## HULPBRONNE VIR LEDE

Klik op onderstaande knoppies om **meer uit te vind**.




## LEES ONS KOMMUNIKASIE IN JOU TAAL MET DIE DRUK VAN 'N KNOPPIE!

| | |
|---|---|
| Tweepotstelsel Vol. 2 | English \| IsiXhosa \| IsiZulu \| Sesotho \| Sepedi \| Afrikaans |
| Nuusbrief vir lede Mei 2023 | English \| IsiXhosa \| IsiZulu \| Sesotho \| Sepedi \| Afrikaans |
| S13A – Word jou aftreebydraes betyds betaal? | English \| IsiXhosa \| IsiZulu \| Sesotho \| Sepedi \| Afrikaans |
| 'n Verduideliking van jou sterftevoordeel | English \| IsiXhosa \| IsiZulu \| Sesotho \| Sepedi \| Afrikaans |
| Jou lidvoordeelstaat | English \| IsiXhosa \| IsiZulu \| Sesotho \| Sepedi \| Afrikaans |

**Jy kan toegang tot jou profiel en ander dienste kry deur middel van een van ons digitale oplossings**

Secure Services | WhatsApp 0860 933 333 | 0860 20 30 40 | superfund@oldmutual.com

Old Mutual App | GET IT ON Google Play | Download on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery



Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.